ATR-KOKER

Jaargang 1, no. 1
Maart 2010
www.afrikaansetaalraad.co.za

NUUSBRIEF van die Afrikaanse Taalraad

Aan alle lede-organisasies

By die ATR se Algemene Jaarvergadering op 14 Augustus 2009 is besluit dat die ATR alle lede-organisasies van tyd tot tyd sal inlig oor die werksaamhede van die ATR. Hiermee die eerste uitgawe. Vir volledige inligting oor die ATR sien asb www.afrikaansetaalraad.co.za waar alle persberigte en tersaaklike inligting beskikbaar is.

Boodskap van die ATR-voorsitter, prof. Wannie Carstens :

Die ATR is reeds 18 maande gelede gestig en daar word op talle terreine gewoel soos u hieronder sal sien. Die werk is baie en die hande min en daarom lig ons u graag in oor wat ons doen en beplan om te doen. Ons wil ook graag ons skakelings- en netwerkfunksie verder uitbrei en versoek daarom organisasies om elke twee weke (in die middel van die maand en aan die einde van die maand) brokkies inligting te stuur vir insluiting in hieropvolgende uitgawes van die ***Koker****. Op hierdie wyse hou ons organisasies ingelig oor mekaar se aktiwiteite. Dankie ook vir u steun vir en deelname aan die ATR se aktiwiteite!*

Vriendelike groete!

Die Afrikaanse Taalraad, met as strewe om Afrikaans te bemagtig, te bevorder en te beskerm, is goed op dreef met deurlopende projekte soos die leer-om-te-lees; geletterdheid en bemagtiging in die breë; 'n taaloudit; die doelmatige hantering van sake ten opsigte van taalregteskending; beurse en dies meer.

- By die Vredenheim-beraad op Donderdag 28 Januarie 2010 wat op uitnodiging van die FW de Klerkstigting plaasgevind het, het die ATR 'n leidende rol gespeel. Die vergadering het 'n mandaat aan die ATR gegee om in samewerking met die FW de Klerkstigting die belangrikste besluite uit te voer. Van die versoeke wat aan die ATR gerig is, is die volgende:

    - Om 'n basisdokument saam te stel oor die stand van Afrikaans by die tradisioneel Afrikaanse universiteite;

    - 'n Werkkomitee moet onder beheer van die ATR saamgestel word om te bepaal watter sake met onder meer die Ministers van Hoër Onderwys; Basiese Onderwys en ander tersaaklike ministeries opgeneem word;

- Navorsing te inisieer oor die verwagtings en behoeftes van Afrikaanssprekendes ten opsigte van universiteitsopleiding;
- 'n Sakelys voor te berei vir opvolggesprekke wat in Augustus 2010 moet plaasvind;
- Kundiges te koöpteer waar nodig;
- Bevindings na organisasies wat hierby betrek is, te kommunikeer.

- Gesprekke van 'n afvaardiging van die ATR en die Universiteit van Stellenbosch se bestuur oor die behoud van Afrikaans as onderrigtaal het plaasgevind op 22 Junie 2009 en 11 November 2009. By albei geleenthede is 'n positiewe gesindheid ten opsigte van samewerking ervaar. Gesprekke sal in die toekoms voortgesit word.
- Die moontlike oprigting van 'n Vrye Afrikaanse Universiteit (VAU). Die inisiatief hiervoor is deur mnr. Christo van der Rheede van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans in noue samewerking met prof. Jacques van der Elst van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns geneem. Verdere samesprekings vind op 24 Maart 2010 plaas en die ATR sal u in dié verband ingelig hou. U word hartlik uitgenooi om die byeenkoms van die Akademie se Werkgemeenskap by te woon op Woensdagaand 24 Maart 2010, lesingteater 8, Groenkloofkampus, Universiteit van Pretoria om 18:30. Antwoord asseblief na akademie@akademie.co.za.
- Hiermee 'n hartlike uitnodiging na die Onderwyskonferensie wat Donderdag 26, Vrydag 27 en Saterdag 28 Augustus 2010 in Kaapstad aangebied word. Hier gaan aandag gegee word aan alle vlakke van onderwys en op kreatiewe wyse oplossings gesoek word. Teken asseblief die datums reeds aan – meer besonderhede volg later. U kan intussen direk navraag doen by die ATR se suidelike verteenwoordiger, me. Ria Olivier (ria.olivier@mweb.co.za).
- 'n Datum wat u ook reeds kan aanteken, is Vrydag 28 Mei 2010 wanneer in Amsterdam (Nederland) 'n opvolggesprek na aanleiding van die Rondetafelgesprek wat in 2009 in Antwerpen plaasgevind het, beplan word. Alle organisasies word hartlik genooi om afgevaardigdes te stuur (op koste van die betrokke organisasie) om deel te neem aan die verdere beplanning en uitvoering van Afrikaanse taalbevordering. Navrae kan direk gerig word aan die buitelandse verteenwoordiger van die ATR, drs. Ingrid Scholtz (ingrid.scholtz@yahoo.co.uk).
- Die ATR se inligtingsbrosjure is elektronies en in harde kopie beskikbaar in Afrikaans, Engels en Nederlands. Stuur gerus versoeke en ander navrae aan dr. Dionè Prinsloo (082-464-6953, prins.d@netactive.co.za). Die ATR sal graag genoeg eksemplare vir u organisasie se hoofbestuurslede, konferensies, kongresse en ander saamtrekke voorsien.
- Die ATR is betrokke by die hofsaak wat deur mnr. Cerneels Lourens, 'n prokureur van Brits, teen die Staat aanhangig gemaak is. Mnr. Lourens dring daarop aan dat die regering taalwetgewing vir die gelyke behandeling van die amptelike tale moet aanvaar. Uitspraak in die saak word Dinsdag 16 Maart gelewer.
- Die ATR se Algemene Jaarvergadering vind in Kaapstad op Donderdag 26 Augustus 2010 plaas. Alle ATR-geaffilieerde organisasies is welkom om afgevaardigdes na die geleentheid, waar 'n nuwe Hoofbestuur verkies word, te stuur. Rig navrae aan die sekretariaat: prof. Jacques van der Elst (jvde@akademie.co.za). Ons vestig u aandag daarop dat die ATR twee verteenwoordigers aangestel het om prof. Jacques van der Elst, wat die ATR se sekretariaat behartig, by te staan met die uitvoer van ATR-take. Die betrokke persone is:

Noordelike verteenwoordiger (Pretoria en omstreke)
Dr. Dionè Prinsloo (082-464-6953; prins.d@netactive.co.za)

Suidelike verteenwoordiger (Kaapstad en omstreke)
Me. Ria Olivier (084-221-9153; ria.olivier@mweb.co.za)

Kontak hulle gerus as u meer inligting verlang oor die ATR of as u by spesifieke projekte betrokke wil raak.